Aktiwiteit: Voorsittersverslag 2016

Naam van aktiwiteit: Super 12 – Swem

Aktiwiteitsvoorsitter: Me. Doreen van Niekerk (L/s Fontainebleau.)

Aktiwiteitsvoog: Mnr. Arno Faber (L/s Fontainebleau.)

Aantal deelnemende skole: 8

Aantal beamptes: Professionele beamptes: 8

Tydhouers: 17

Admin: 5

Spanbestuurders: 8

Verkope van kaartjies: 4

Aantal deelnemers: 258 swemmers.

Gasheerskool: L/s Fontainebleau.

Plek van aanbieding: Helpmekaar Kollege – Johannesburg.

Aantal toeskouers: 350 volwassenes.

Wenskool: Laerskool Hennopspark.

Beste seunsspan: Laerskool Hennopspark.

Beste dogtersspan: Laerskool Mooirivier.

Aantal medaljes: Goud: 48 Silwer: 48 Brons: 48.

Verslag:

Die veertiende Super 12 swemgala het hierdie jaar plaasgevind op 15 Oktober 2016 by Helpmekaar Kollege in Braamfontein Johannesburg.

Dit was weereens 'n baie suksesvolle gala en die swemmers, beamptes en toeskouers het die dag baie geniet. Dit was aanvanklik baie koud en winderig maar dit het geen invloed gehad op 'n wonderlike dag nie.

Daar het 8 skole deelgeneem nl. Hennopspark, Menlopark, Constantiapark, Stephanus Roos, Vastrap, Mooirivier ,Pietersburg -Oos en Fontainebleau.

Baie geluk aan al die skole wat deelgeneem het met jul puik swemmers. Baie geluk aan Hennopspark wat vir die sesde keer die wenners was.

Bedankings:

Baie dankie aan al die deelnemende skole se swemorganiseerders, spanbestuurders, spanbeamptes en tydhouers vir jul samewerking en harde werk wat bygedra het tot die sukses van die swemgala.

Dankie vir die hoofde van skole vir jul ondersteuning.

'n Groot dank aan ons professionele skeidsregters, beoordelaars en rekenaar dame vir al jul harde werk. Hulle bring ook elke jaar hul elektroniese stelsel wat die uitslae vining en korrek verwerk. Sonder julle sal ons nie hierdie gala kan aanbied nie.

Baie dankie aan Helpmekaar Kollege vir die gebruik van jul pragtige swembad en ander fasiliteite.

n Spesiale dank aan Mnr. Arno Faber, die aktiwiteitsvoog en hoof van Laerskool Fontainebleau, vir al u insette, hulp en ondersteuning. Dit is net 'n plesier om elke jaar saam met u te kan werk.

Dit was 'n voorreg om die dag saam met elkeen te kon deel.

Doreen van Niekerk.

Aktiwiteitsvoorsitter – Swem.

Mnr. Arno Faber.

Swemvoog.

Uitslae:

Gesamentlike punte:

Hennopspark	448
Mooirivier	416
Menlopark	408
Pietersburg-Oos	326.5
Stephanus Roos	319.50
Constantapark	313
Fontainebleau	277
Vastrap	218

Seunsspanne:

Hennopspark	163
Pietersburg-Oos	137
Menlopark	136
Mooirivier	111
Constantiapark	109
Stephanus Roos	107
Fontainebleau	104
Vastrap	82

Dogtersspanne:

Mooirivier	156
Menlopark	146
Hennopspark	134
Stephanus Roos	118.5
Constantiapark	109
Fontainebleau	103
Pietersburg- Oos	100.5
Vastrap	78